Noordelike Sinode

TAAKSPAN MENTORSKAP 1
Verslag

1. Opdrag

Gedrende die vorige SDR-termyn (2017-2022) het ‘n taakspan wat die opdrag gehad het om mentoraat te organiseer, gerapporteer dat mentoraat belangrik is, maar dat dit nie georganiseer behoort te word nie. Dit is ‘n spontane proses waar mense self bewus word van persone by wie hulle aanklank vind en dan sodanige persoon nader om vir haar/hom as mentor op te tree.

Die SDR van die huidige termyn het geoordeel dat dit goed sou wees om dit weer te toets en daarom die opdrag soos volg geformuleer:

Om ondersoek in te stel na die behoefte aan ‘n taakspan vir mentoraat.

2. Taakspanleier en gespreksgenote

Fay van Eeden (taakspanleier), Tienie Bosman, Pieter Visser, Wynand van Niekerk, Jeanri Erasmus, Peet Venter, Gerrie Bodenstein, Anuschka Smit, Ernst van Wyk, Anton Pienaar en Fritz Snyman.

3. Uitvoering van die opdrag

Ek het aan die tien gespreksgenote, hierbo genoem, almal predikante tussen die ouderdom 28 en 65, twee vrae gestel:

1. Die Noordelike Sinode is van oortuiging dat mentors ‘n belangrike rol in dominees se lewe kan speel. Die Sinode is verder van mening dat dit nie georganiseer moet word nie, maar dat predikante self mentors moet soek by wie hulle aanklank vind. Wat is jou mening daaroor?

2. Op watter manier dink jy kan die Sinode ‘n rol daarin speel óf is dit dalk ‘n saak wat by ringe tuishoort?

Uitkoms

- Al tien was dit eens dat mentorskap 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling en begeleiding van predikante, veral in die unieke uitdagings wat elke gemeente en konteks bied.
- Verder is almal van mening dat elke predikant iemand nodig het by wie hulle teologies, kontekstueel, en emosioneel aanklank vind.

- Die groep het almal gevoel dat predikante hulle eie mentors moet kies. Deur self ‘n persoon as mentor te kies, bied dit vir predikante die geleentheid om 'n natuurlike en outentieke mentorskap-verhouding te vorm, eerder as 'n strukturele of geforseerde verbinding wat moontlik minder effektief sal wees.

Wat die rol van die **Sinode** betref, het die groep gevoel dat die Sinode se fokus op die bewusmaking van die belang van mentorskap moet wees, eerder as om die proses self te struktureer. Die Sinode sou ter ondersteuning, predikante se aandag op bestaande hulpbronne rondom mentorskap kan vestig. Verder sou die direkteur individuele predikante kon bystaan in die identifisering van ‘n geskikte mentor.

Dit is ook moontlik dat **ringe** 'n meer aktiewe rol kan speel. Ringsontmoetings kan op so ‘n wyse aangebied word dat goeie verhoudings bevorder word, wat moontlik organies tot mentorverhoudings kan lei.

4. Aanbevelings

4.1 Die Noordelike Sinode bevestig die belangrike rol wat mentorskap in die ontwikkeling, begeleiding en ondersteuning van predikante kan speel.

4.2 Die Sinode moedig predikante aan om self ‘n mentor te soek. Predikante-wegbreke en sinodesittings kan gebruik word om die waarde van mentorskap te bevestig.

4.3 Die Sinode moedig ringe aan om visitasie en ander ringsgeleente te benut om gesprekke rondom die belang van mentorskap te voer.

4.4 Die Sinode herinner kerkrade en DVK’s daaraan om na predikante se welstand en versorging om te sien.

5. Slotwoord

Alhoewel ‘n taakspan wat mentorverhoudings organiseer, nie blyk nodig te wees nie, moet die saak van mentoraat op die SDR se agenda bly.